Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 31 Julie 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer

Omgee:

- Hendrik Fritz sterk nog aan in Clayton House.
- Juanita Truter se sussie Tanya is verlede week oorlede en is Woensdag begrawe.
- Baie geluk aan Herman Coetzee en Susan van Heerden wat DV eerskomende Saterdag (6 Aug) in die huwelik tree.

Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges.Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☼

- **Aanderediens** vandag om 17:30.
- Ds Stephan se **kategesegroep** kom weer vanmiddag om **17:00** in die kuierkamer bymekaar.
- **Kursusse en seminare** vir hierdie kwartaal: 29-31 Julie Oorwinnaars GK Linden; 13 Aug Heilige Gees Seminaar GK Linden; 19-20 Aug FFI Finansies Bergbron; 26-27

Aug Oorwinnaars vir Kinders Bergbron; 2-4 Sept Victory in Jesus Christ GK Meadowlands; 16-18 Sept Oorwinnaars Nelspruit; 23-25 Sept Oorwinnaars Reitz.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** skink Groep 3, Sue, Elize en Kinnie. Volgende naweek is langnaweek en Sondag 14/08 is dit Groep 4: Martie, Welna en Michelle, se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Teelepel-ete! 28 Augustus 2016

Die Vroue-aksie herinner almal solank aan die Teelepel-ete met die volgende Nagmaalsondag. Ons wil ‘n spesiale uitnodiging rig aan ons nuwe lidmate, sodat ons mekaar beter kan leer ken.

Jy kan Help

- Diakens vra: Komberse en tweedehandse klere – gee vir Carel Cornelissen
- Amanda Kotze (074 960 4142) is op soek na ‘n tuinwoonstel om te huur.

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag en in die week:

31/07	ELIZE DU TOIT	082 255 3141
02/08	KARIEN BOTHA (5)	083 413 4926
03/08	LUNETTE MOOLMAN	074 886 7363
03/08	HEKKIE SCHOEMAN	079 381 1332
04/08	HANNELIE PALMER	074 902 1902
06/08	MARIËTTE SORGDRAGER	072 611 4751

Mag die Here jou oorvloedig seën

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

L.W. Toerusting: Teen die Gety – Die sleutelmag van die gelowige- Gebruik jou sleutelmag! (*Deel 2 volg 14/08*)

Gebedsbyeenkoms: Bergbron kerkgebou Maandag 1 Aug 17:00 – 19:00

Daar sal DV Maandagaand 'n byeenkoms onder leiding van Ds Stephan Briel en Gerhard Botha by ons kerkgebou wees waarheen die omliggende gemeentes, skole en alle belangstellende gelowiges in die omgewing genooi is. Hieronder volg riglyne om saam te kom bid en/of tuis voorbidding te doen:

Gebed: Voor die Verkiesing

(Saamgestel deur Jerigo Mure Gebedsnetwerk)

Riglyne vir die munisipale verkiesings van 3 Augustus 2016

Bid vir die verkiesing Ons nooi Christene om saam met ons te bid terwyl Suid-Afrika gereedmaak vir die Plaaslike Verkiesings op 3 Augustus 2016.

1. **Persoonlike verantwoordelikheid van Christen gelowiges.** *Tim.2:1-4*

Bid asseblief dat Christene regoor die land hul verantwoordelikheid sal opneem om deurlopend te bid vir ons regeringsleiers, ongeag hulle politieke oortuiging. Bid dat alle negatiewe praatjies en kritiek vervang sal word deur ernstige gebede vol geloof omdat ons Here op die gebede en die geloof van die regverdiges reageer. Bid by name vir die mense wat as kandidate in jou gemeenskap staan, om deur die Heilige Gees oortuig te word van sonde, hul te bekeer, gered en wedergebore te word en tot kennis van die waarheid van Jesus Christus te kom.

2. Geweld, anargie, plundery en vandalisme *Matt.16:19*

Kom ons gebruik die outoriteit wat die Here Jesus Christus aan die Kerk gegee het om die gees van geweld, anargie, plundery en vandalisme teen te staan en te bind. Bid dat mense oortuig sal word van die boosheid van geweld, anargie, plundery en vandalisme en dat hulle sal terugdraai van hul bose weë en vreedsame maniere sal vind om hul opinies te lug.

3. **Onderliggende ideologieë van sosialisme, kommunisme, humanisme en materialisme** *2 Kor.10:3-6*
   Bid dat die mense nie oningelig sal wees oor die gevare en misleiding van sosialisme, kommunisme, humanisme en materialisme nie. Laat ons met vrymoedigheid die troon van genade toe gaan en vra vir die vernietiging van elke argument en ideologie wat nie in lyn met die waarheid en die wil van God is nie en wat tot die vernietiging van ons land sal lei. Bid dat mense verlos sal word van ideologiese vestings wat opgerig word in die denke van mense deur middel van misleidende argumente. Bid dat mense nie gemanipuleer sal word deur sprekers met baie charisma nie en dat emosionele opsweping mense nie irrasioneel sal laat optree nie.

4. **Ontbloting van leuens** *Efes.5:6-11*

   Bid dat God deur Sy Heilige Gees alle leuens, verborge motiewe en onheilige verbonde tussen mense en ook tussen mense en die bose magte sal ontbloot. Bid dat die Kerk die onderskeidingsvermoë en wysheid sal hê om te weet hoe om betrokke te wees in die verkiesing sonder om mislei en misbruik te word deur politici vir persoonlike en politieke voordeel.

5. **Veiligheid en sekuriteit** *Jak.3:14-18*

   Bid dat daar vrede tydens en ook na die verkiesings sal wees, ongeag die uitslag daarvan. Bid dat geen nuwe geweld sal opvlam nie en dat vredemakers oral sal opstaan en verantwoordelikheid sal aanvaar vir hul gemeenskappe. Bid vir effektiewe polisiëring en dat mense aktief sal werk dat daar vrede kan kom, asook vir versoening en postiewe nasiebou in plaas van geweld en vernietiging van gemeenskappe. Bid dat die interne magstryd tussen politici en politieke partye plek sal maak vir opbouende dialoog en respek vir lewe.

6. **Verkiesingsproses**

   Bid dat die verkiesingsproses vry en regverdig sonder omkopery, manipulasie, intimidasie of onderduimse beïnvloeding van kiesers sal wees. Bid vir eerlike verkiesingspersoneel sodat die kiesproses sonder korrupsie of belemmering kan verloop.

7. **Leierskap** Dan.2:20-22

   Bid dat God die leiers wat Hy uitgesoek vir die seisoen waarin Suid-Afrika nou is. Bid dat Hy in Sy wysheid Suid-Afrikaners sal help om wys en reg te kies sdoat Sy wil in ons land sal geskied. Bid dat ongeag die uitslag van die verkiesing, die evangelie ongehinderd verkondig kan word, dat baie mense Jesus Christus as die Here van hul lewens sal kies en dat God vir ons 'n tydperk van versoening, herstel en herlewing sal gee.